Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers

Verslag van werksaamhede
Vise President vir Gauteng, Noordwes, Vrystaat en Noord Kaap.
April 2009 - April 2010

Ek het geen verslae van die verskillende sentra ontvang aangaande hulle werksaamhede nie behalwe van Jeanette Malan in Potchefstroom. So ek kan slegs verslag doen van waarvan ek bewus is. Die laaste tyd lê ons klem daarop om leerders te laat optree.

FACEBOOK

Die ampsdraer het 'n facebook groep vir SAVMO begin in 2009. Daarop word onder andere 'n gespreksforum aangebied en daar is ook geleentheid om fotos te plaas. Dit word onder andere gebruik om advertensies van beplande konserte van die verskillende sentra, dienste en geleenthede bekend te stel. Lede van die groep is nie noodwendig lede van SAVMO nie. Deur middel van die groep het daar tog wel musiekonderwysers by ons Vereniging aangesluit.

Ek sal bly wees as al ons lede aan die groep kan behoort sodat almal op hoogte van gebeure kan bly en sodat ons beter kontak kan hou met mekaar.

Dit sal hoog gewaardeer word as lede my sal epos met berigte, advertensies, nuus en dies meer sodat ek lede daarvan in kennis kan stel deur middel van die boodskap funksie. Lede kan ook self items en fotos plaas op die blad.

Daar is ook 'n aparte groep waarop allerhande konserte geadverteer word, fotos geplaas word na afloop van die konserte. Lede van die groep word ook in kennis gestel aangaande die konserte wat gaan plaasvind.

JAARLIKSE KONVENSIE GEREËL DEUR DIE VISE PRESIDENT IN SAMEWERKING MET PRETORIA SENTRUM

Diejaarlikse SAVMO streekskonvensie word beplan vir Saterdagoggend 5 September 2010

1. Charl Du Plessis gaan gevra word om 'n Jazz werksessie te hou.
2. Gisela Scriba gaan 'n sessie oor duetspel met die deelnemers doen.
3. Renea van Tonder wat uitgebreid navorsing doen oor volksmusiek, sal gevra word om 'n praatjie daaroor te hou.
4. 'n Kort konsert van lede se leerders sal die verrigtinge afsluit.

Pretoria Sentrum

Die Pretoria Sentrum onderneem jaarliks verskeie projekte tot voordeel van die lede sowel as hul leerders. Daarnaas word daar verskeie konserte en werkswinkels ook gehou.

EISTEDDFOD

Die grootste projek is die eisteddfod wat in Mei/Junie plaasvind.

Die Eisteddfod Algehele Pryswenners konsert het op 9 September 2009 in die Taoromenium plaasgevind. Die konsert geskied slegs op uitnodiging omdat die saal net 50 mense kan neem. Dit was 'n prag aand en opgedra aan die beskermvrou Dr Mimi Coertse.

KONSERTE

'n Leerderskonsert het plaasgevind op Saterdagagmiddag 13 Maart 2010 by die N G Kerk valleisig in Faerie Glen. Verdere konserte is in die pyplyn byvoorbeeld 'n Chopinkonsert einde Agustus 2010

ALGEMENE JAARVERGADERING

Tydens dieAlgemene Vergadering op 31 Otober 2009 gehou by by Oregonstraat 529, Faerie Glen het leerders van verskillende lede gekonserteer.